

JEUGLES: Elia

1. PRAISE AND WORSHIP

2. INSTRUKSIES VIR DIE AAND:

- Ysbreker gaan ek 4 leidrade gee vir groepe. Hulle moet dan raai na aanleiding van die 4 leidrade wie is die Bybelfiguur waaroor ons gaan praat vanaand.
- Elke groep gaan 'n "God se vreemde opdrag" werksvel kry.
- Op die werksvel moet jy die somme voltooi om die regte woord bo elke nommer neer te skryf.
- Bring jul Bybels saam want dan gaan ons 'n paar vrae antwoord oor Elia.

3. YSBREKER: WIE IS EK?

Vier leidrade: Prentjie van olie, meel, grot en 'n kraai. Kinders moet raai wie is die Bybelfiguur wat ons gaan bespreek vanaand na aanleiding van die leidrade.

4. GOD SE VREEMDE OPDRAG:

Deel werksvel uit.

5. VRAE OOR ELIA:

1. Hoekom was daar 'n droogte gewees? (1 Kon 17:1)
2. Hoe het God vir Elia gesorg tydens die droogte? (1 Kon 17:4; 9)
3. Hoe het die kraaie vir hom gesorg? (1 Kon 17:6)
4. Watter wonderwerk het God in die weduwee se huis gedoen sodat sy vir Elia kon sorg? (1 Kon 17:14)
5. Hoe lank was die droogte gewees? (1 Kon 18:1)
6. Watter kragtige dade het God deur Elia gedoen? (1 Kon 17:17-24; 1 Kon 18:30-39; 2 Kon 1:9-12; 1 Kon 18:46; 2 Kon 2:8; 2 Kon 2:11)

6. ANTWOORDE:

1. Elia het vir die koning gesê dat dit nie sal reën of dou vir die volgende paar jaar, tensy hy so sê nie.
2. Eers deur die kraaie wat vir hom kos gebring het, en toe deur die weduwee.
3. Hulle het in die oggend en in die aand vir hom brood en vleis gebring.
4. Die meel en die olie het nie minder geraak totdat dit begin reën het nie.
5. Ongeveer 3 jaar lank.
6. 1 Kon 17:17-24 - Elia wek die weduwee se seun uit die dood op.
1 Kon 18:46 - Elia hardloop voor Agab se wa uit.
1 Kon 18:30-39 - Elia bid vir vuur uit die hemel wat alles op die altaar verbrand
2 Kon 1:9-12 - Elia roep vuur uit die hemel wat 102 mense verbrand
2 Kon 2:8 - Elia verdeel die Jordaan rivier met sy mantel na twee kante toe
2 Kon 2:11 - Elia was lewendig in 'n storm na die hemel opgeneem.

5. Sluit af in groepe en kry jul selfone.

WERKSVEL: God se Vreemde Opdrag aan Elia

Help my om te onsyfer watter vreemde opdrag God gegee het, deur die somme te voltooi en dan die regte woord bo elke nommer neer te skryf.

Vir	$24 + 15 - 3 =$	
Ook	$41 + 9 - 7 =$	
Droogte	$33 + 14 - 8 =$	
Myne	$29 + 11 - 2 =$	
God	$18 + 21 - 4 =$	
Hulle	$78 + 6 - 9 =$	
Tydens	$36 + 18 - 1 =$	
Ons	$27 + 42 - 6 =$	
Kraaie	$13 + 58 - 9 =$	
Donkie	$81 + 11 - 5 =$	
Het	$63 + 16 - 3 =$	
Praat	$26 + 37 - 5 =$	
Engel	$46 + 23 - 8 =$	
Fakkels	$84 + 13 - 7 =$	
Te	$57 + 28 - 2 =$	
Blaas	$34 + 52 - 6 =$	
Die	$72 + 13 - 3 =$	
Oorwin	$61 + 38 - 7 =$	
Beveel	$54 + 20 - 4 =$	
My	$86 + 10 - 5 =$	
Visse	$39 + 35 - 2 =$	
Brode	$44 + 28 - 7 =$	
Om	$39 + 51 - 1 =$	
Jesus	$71 + 25 - 3 =$	
Dissipels	$50 + 29 - 2 =$	
Sorg	$31 + 46 - 9 =$	

$\frac{35}{\quad}$	$\frac{76}{\quad}$	$\frac{62}{\quad}$	$\frac{70}{\quad}$
$\frac{89}{\quad}$	$\frac{36}{\quad}$	$\frac{91}{\quad}$	$\frac{83}{\quad}$
$\frac{68}{\quad}$	$\frac{53}{\quad}$	$\frac{82}{\quad}$	$\frac{39}{\quad}$

WERKSVEL ANTWOORDE:

Vir	$24 + 15 - 3 =$	36
Ook	$41 + 9 - 7 =$	43
Droogte	$33 + 14 - 8 =$	39
Myne	$29 + 11 - 2 =$	38
God	$18 + 21 - 4 =$	35
Hulle	$78 + 6 - 9 =$	75
Tydens	$36 + 18 - 1 =$	53
Ons	$27 + 42 - 6 =$	63
Kraaie	$13 + 58 - 9 =$	62
Donkie	$81 + 11 - 5 =$	87
Het	$63 + 16 - 3 =$	76
Praat	$26 + 37 - 5 =$	58
Engel	$46 + 23 - 8 =$	61
Fakkels	$84 + 13 - 7 =$	90
Te	$57 + 28 - 2 =$	83
Blaas	$34 + 52 - 6 =$	80
Die	$72 + 13 - 3 =$	82
Oorwin	$61 + 38 - 7 =$	92
Beveel	$54 + 20 - 4 =$	70
My	$86 + 10 - 5 =$	91
Visse	$39 + 35 - 2 =$	72
Brode	$44 + 28 - 7 =$	65
Om	$39 + 51 - 1 =$	89
Jesus	$71 + 25 - 3 =$	93
Dissipels	$50 + 29 - 2 =$	77
Sorg	$31 + 46 - 9 =$	68

God het kraaie beveel
35 76 62 70

Om vir my te
89 36 91 83

Sorg tydens die droogte
68 53 82 39